**Saam boer ons vooruit**
**Farming together for success**
www.laeveld.co.za



# Wihann Steyn

**Robertson**
**T: 072 583 1587 / E: wihann@laeveld.co.za**

**Gewasse:** Sitrus, makadamias, avokado's, subtropiese gewasse.
**Aanbieding:** Oesbeskerming, plantvoeding, presisiedienste.

Wihann Steyn het op die klein dorpie Riviersonderend in die Overberg in die Wes-Kaap grootgeword. Hy was in Caledon op hoërskool, waar hy by Hoërskool Overberg gematrikuleer het. Tydens sy skooldae was hy 'n skool- en koshuisprefek, en hy het ook aan die meeste sportsoorte en sosiale geleenthede deelgeneem. Hy het bekers ontvang vir hokkie en krieket.

Sy pa is al vir 40 jaar 'n landboukundige in die gebied, en dit is waar sy passie vir die landboubedryf en veral grondgesondheid ontstaan het.

**Ná skool het hy by Elsenburg Landboukollege gaan studeer en in 2009 sy B.Agric-graad in Wingerd en Pomologie verwerf. Na sy studies het hy vir drie jaar in die wynbedryf in Australië, Kalifornië en Frankryk gaan werk.**

Met sy terugkeer het hy vir vier maande pars by Durbanville Hills gedoen. Daarna het hy by Nanturf en Southern Agronomist Services begin werk, met die fokus op die versorging van gholfbane. Wihann was in hierdie tyd die landboukundige vir die maatskappy en het hoofsaaklik op voeding en grondgesondheid gefokus. Hy moes die aanbevelings en programme vir die verskillende kliënte uitwerk. Tussendeur het hy sy CropLife- en BASOS-kwalifikasies voltooi, en is hy ook by SACNASP (South African Council for Natural Scientific Professions) geregistreer.

In 2019 het hy vir Maxi-Yield begin werk. Aan die begin was hy verantwoordelik vir Gauteng, die Vrystaat en Noordwes. Later het hy meer op Limpopo begin fokus en die afgelope jaar het hy ook baie in Mpumalanga gewerk. 'n Deel van sy verantwoordelikhede was die opleiding van agente, boere en ook kollegas.

Terwyl hy saam met Laeveld Agrochem se agente gewerk het, het hy besef dat hy graag deel wil word van dié span omdat hulle werk alles insluit wat met presisieboerdery, grondgesondheid, voeding en pesbeheer (chemies sowel as organies) te doen het.

**Wihann se passie is om mense te help en om te sien hoe hulle vooruitgang maak. Dit is veral belangrik in die landboubedryf – dus is verhoudings en vertroue vir hom die belangrikste, en hy glo die ander dinge sal dan vanself begin gebeur.**

As natuur- en sportliefhebber hou hy ook baie van reis en om die wêreld te sien. In sy vrye tyd geniet hy dit om gholf of muurbal te speel, en hy oefen tans vir sy eerste hardloop marathon. Hy kuier graag saam met sy familie en vriende.

Dit maak hom opgewonde om vir homself nuwe uitdagings te stel, hard te werk en dit dan te bereik. Wihann gaan in die Mpumalanga- en Limpopo-gebied werk, waar hy hoofsaaklik op permanente gewasse soos sitrus, makadamias, avokado's en ander subtropiese gewasse gaan konsentreer.

Sy visie is om saam met die natuur te werk en om nie net die simptome van 'n probleem te behandel nie, maar om ook te kyk na wat die oorsake is. Volgens hom is die suksesresep samewerking tussen al die verskaffers en produkte om 'n geïntegreerde program uit te werk wat die natuur in ag neem.

**Die feit dat die landboubedryf in Suid-Afrika steeds gegroei het die afgelope twee jaar, ten spyte van die pandemie, laat Wihann glo in ons land. "Ek dink daar is vreeslik baie geleenthede in ons land, veral in die landboubedryf!" sê Wihann.**

**Laeveld Agrochem verseker opbrengs-optimalisering volgens elke produsent se spesifieke behoeftes.**
Ons gekwalifiseerde landboukundiges, wat ondersteun word deur 'n groot span tegniese spesialiste, het die kennis en kundigheid om met die volledige spektrum van gewasbeskerming, grondoplossings en plantvoeding, die beste advies te gee.